2018/11/05
08:42 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/11/05	DATUM 2018/11/02			+ - WEEK GELEDE 2018/10/29		+ - MAAND GELEDE 2018/10/08		+ - JAAR GELEDE 2017/11/06	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	72.67	-0.55	-0.8%	73.22	-6.4%	77.64	-13.9%	84.36	13.2%	64.21
US$: ? ZAR	14.32	-0.010	-0.1%	14.33	-1.8%	14.58	-3.6%	14.86	1.6%	14.10
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 092.63	10	0.5%	R 2 082.81	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 676.10	-2	-0.1%	R 2 677.97	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 670.28	-53	-1.1%	R 4 723.04	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Des '18	371.20	2.00	0.5%	369.20	1%	367.60	1%	366.50	-6%	393.25
Koring Des '18	508.60	0.00	0.0%	508.60	1%	505.20	-1%	514.00	0%	508.75
Sojabone Nov '18	887.60	-9.40	-1.0%	897.00	5%	845.00	2%	869.75	-12%	1004.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3600.00	0	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00		NA
WMAZ Nov '18	2381.00	-3	-0.1%	2384.00	0.8%	2361.00	-2.5%	2442.00	16.8%	2038
WMAZ Jul '19	2530.00	2	0.1%	2528.00	0.4%	2521.00	-2.6%	2598.00	15.5%	2191
YMAZ Nov '18	2384.00	2	0.1%	2382.00	0.5%	2373.00	-4.1%	2486.00	11.6%	2136
YMAZ Jul '19	2510.00	2	0.1%	2508.00	0.6%	2496.00	-2.9%	2586.00	11.1%	2260
SOY Nov '18	4552.00	74	1.7%	4478.00	-0.4%	4570.00		NA	-7.9%	4940
SOY Mei '19	4790.00	75	1.6%	4715.00	0.8%	4754.00	-1.5%	4864.00	-7.0%	5149
SUN Nov '18	5080.00	7	0.1%	5073.00	-1.3%	5148.00	-3.3%	5255.00	9.9%	4622
SUN Mei '19	5038.00	14	0.3%	5024.00	-0.2%	5050.00	-1.3%	5105.00	4.1%	4841
WHEAT Nov '18	4362.00	-32	-0.7%	4394.00	-1.4%	4425.00		NA	4.0%	4195
WHEAT Des '18	4420.00	-32	-0.7%	4452.00	-1.4%	4484.00	-3.1%	4563.00	4.1%	4244
OLIESADE (US$/ton)	2018/11/02	Bron: Oilworld			2018/10/26		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	646				1.4%	637	-16%	769	-4%	676
Soya-pell, Arg.	338				4.0%	325	0%	339	-8%	368
Soybean, USA	359				-1.6%	365	-12%	410	-12%	410
USA Runner 40/50	1250				-3.8%	1300	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	665				-0.7%	670	-12%	755	-17%	800
Sun-oil, Black Sea	655				-1.5%	665	-13%	750	-13%	750
Sunseed,Black Sea	340				-0.6%	342	-15%	400	-17%	409
Rapeseed, EU cif	431				0.7%	428	1%	425	8%	399
Palmk oil Mal, EU	770				-1.9%	785	-48%	1470	-26%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: In Amerika is daar steeds uitdagings met die stroop proses van sojabone as gevolg van die ongunstige weerstoestande oor groot gedeeltes van die land waar daar nog gestroop moet word. Alhoewel die vertraging in die stroop proses verliese in die opbrengste veroorsaak sal die Amerikaanse produksie hierdie seisoen steeds 'n nuwe rekord bereik. Die nuwe seisoen sojabone wat gestroop word tesame met die laer uitvoere vir die seisoen veroorsaak dat daar probleme ontstaan met stoor kapasiteit vir sojabone in sekere gedeeltes van die VSA voorkom. Die Amerikaanse uitvoere is aansienlik laer as die normaal aangesien Sjina nie by die VSA sojabone koop nie. Daar was van die laaste Amerikaanse uitvoere wat na Sjina toe verskeep sou word wat nie plaasgevind het nie en die sojabone is aan ander lande verkoop. Die groot Amerikaanse sojaboon voorraad tesame met die laer uitvoere hou die Amerikaanse sojaboonpryse onder druk. Die aanplantings van sojabone vorder goed in Brasilië en die eerste nuwe seisoen voorraad sal hierdie seisoen vroeër as normaal in die mark kom. Dit is gunstig aangesien Sjina baie Brasiliaanse sojabone aankoop en daar kan steeds goeie premies in die Brasiliaanse mark wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel en het die week sywaarts begin voordat dit onder druk gekom en ten einde weer sterker verhandel het. Die mark het baie naby aan onveranderd tot effens sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Volgens die NOK se intensies om te plant verslag sal daar hierdie seisoen 851 400 ha se sojabone aangeplant word.

Sonneblomsaad: In die Oekraïne is die stroop proses van sonneblomsaad 96% voltooi en dit is vinniger as die tempo waarteen dit verlede seisoen gestroop is. Die produksie vir die seisoen lyk goed en die gemiddelde opbrengs wat teen hierdie tyd van die seisoen gerapporteer word is 14% meer as die vorige seisoen se gemiddelde opbrengs. Op hierdie stadium lyk dit of die sonneblomsaad produksie vir die seisoen 16 miljoen ton behoort te wees. Die hoër produksieverwagtinge in die Oekraïne en die EU hou die internasionale sonneblomsaad pryse onder druk. In Rusland is die stroop proses van sonneblomsaad ongeveer 84% voltooi met die gemiddelde opbrengs wat 3% hoër is as die vorige seisoen se opbrengste. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Volgens die NOK se intensies om te plant verslag sal daar 575 000 ha sonneblomme aangeplant word hierdie seisoen.

Kanola: Die Australiese kanola uitvoere was gedurende September aansienlik laer as die potensiaal en die finale syfers vir die maand het op 'n 4 maande laagtepunt gesluit. Die totale Australiese kanola uitvoere vir die seisoen was laer gewees en dit sal veroorsaak dat die kanola eindvoorraad in Australië ongewoon hoog sal wees aan die einde van die jaar. Die Kanadese kanola pryse verhandel steeds teen 'n diskonto teenoor die Europese kanola en die Kanadese pryse is hoofsaaklik onder druk as gevolg van die groot voorraadvlakke wat daar beskikbaar is asook 'n oorspoel effek vanaf die lae Amerikaanse sojaboonpryse. **Plaaslik:** Die stroop proses van kanola in die Weskaap is aan die gang en die opbrengste lyk goed. Daar was egter met meeste van die wintergewasse redelike windskade gewees die laaste twee weke wat nie gunstig is vir die produksie nie aangesien dit verliese in opbrengste veroorsaak.

Grondbone: In die VSA is die stroop proses van grondbone steeds aan die gang en tans vorder dit stadiger as die gemiddelde tempo. In verlede week se nuutste produksievorderingsverslag is aangetoon dat 66% van die Amerikaanse grondbone reeds gestroop is. Dit is laer as die 5 jaar gemiddelde tempo van 70% voltooi teen hierdie tyd van die jaar en ook laer as verlede seisoen se 72% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is daar heelwat spekulasie rakende hoeveel grondbone werklik hierdie seisoen aangeplant gaan word. Volgens die NOK se voorneme om te plant verslag sal daar 50 000 ha se grondbone aangeplant word hierdie seisoen. Die weer speel 'n groot rol hierin aangesien die plantvenster vir grondbone redelik kort is indien die reën laat is.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.